G68G
S559
-8 OCT 1992
LIBRARY

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

R1,00 Price • Prys
R0,10 Plus 10% VAT • BTW
R1,10 Selling price • Verkoopprys
Other countries R1,40 Buitelande
Post free • Posvry

Vol. 328 PRETORIA, 1 OCTOBER / OKTOBER 1992 No. 14321

## BOARD NOTICE

### BOARD NOTICE 323 OF 1992

### FINANCIAL SERVICES BOARD

FINANCIAL SERVICES BOARD ACT, 1990
(ACT No. 97 OF 1990)

**AMENDMENT OF NOTICE OF LEVIES ON FINANCIAL INSTITUTIONS**

The Financial Services Board referred to in section 2 of the Financial Services Board Act, 1990 (Act No. 97 of 1990), hereby under section 15A of the said Act amend the Notice referred to in the Schedule to the extent indicated therein.

By Order of the Financial Services Board.

**D. A. MELAMET,**
Chairman: Financial Services Board.

### SCHEDULE

**1.** In this Schedule "the Notice" means the Notice of Levies on Financial Institutions published by Government Notice No. 694 of 28 March 1991, as amended by Government Notices Nos. 1284 of 7 June 1991 and 1105 of 16 April 1992.

**2.** The Notice is hereby amended—

(a) by the addition to item 12 of the following subitem:

"(3) With effect from the date of the coming into operation of this subitem interest on balances becoming overdue on or after that date will be charged at a rate equal to the prevailing prime overdraft rate of the Standard Bank of South Africa Ltd."; and

(b) by the addition of the following items:

"13. (1) An application by any financial institution for the granting under section 15A (4) of the Financial Services Board Act, 1990 (Act No. 97 of 1990), of exemption from a provision of this Notice shall be submitted in

## RAADSKENNISGEWING

### RAADSKENNISGEWING 323 VAN 1992

### RAAD OP FINANSIËLE DIENSTE

WET OP DIE RAAD OP FINANSIËLE DIENSTE, 1990
(WET No. 97 VAN 1990)

**WYSIGING VAN KENNISGEWING VAN HEFFINGS OP FINANSIËLE INSTELLINGS**

Die Raad op Finansiële Dienste wysig hierby kragtens artikel 15A van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), die Kennisgewing vermeld in die Bylae in die mate daarin aangedui.

Op las van die Raad op Finansiële Dienste.

**D. A. MELAMET,**
Voorsitter: Raad op Finansiële Dienste.

### BYLAE

**1.** In hierdie Bylae beteken "die Kennisgewing" die Kennisgewing van Heffings op Finansiële Instellings gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 694 van 28 Maart 1991, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. 1284 van 7 Junie 1991 en 1105 van 16 April 1992.

**2.** Die Kennisgewing word hierby gewysig—

(a) deur die volgende subitem by item 12 te voeg:

"(3) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie subitem word rente op saldo's wat op of na daardie datum agterstallig word, teen 'n koers gelykstaande aan die heersende prima oortrekkingskoers van Standard Bank van Suid-Afrika Bpk. gehef."; en

(b) deur die volgende items by te voeg:

"13. (1) 'n Aansoek deur enige finansiële instelling om die verlening kragtens artikel 15A (4) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), van vrystelling van 'n bepaling van hierdie

writing to the Executive Officer, Financial Services Board, Private Bag X238, 0001, Pretoria, on a date at least one month before the date on which the exemption is in accordance with the application to take effect.

(2) Such application shall contain full particulars of the financial institution making the application and the authorization of the persons signing the application to make any such application, the date on which the exemption is to take effect if granted, and shall set out fully the reasons for the application.

(3) The application shall contain—

(a) an affirmation by the financial institution concerned to provide, on receipt of any such request, the Executive Officer of the Financial Services Board forthwith with any other or further information or particulars which the said Board may require in connection with the institution or the application concerned; and

(b) particulars of the address at which the institution will accept service by the said Board of any notice contemplated in section 15A (4) (b) (ii) of the Financial Services Board Act, 1990.

14. A notice referred to in section 15A (4) (b) (ii) of the Financial Services Board Act, 1990, shall on the authority of the said Board be served by the Executive Officer of the Board by registered post at the address furnished by the financial institution in accordance with Item 13 (3) (b) in its application for exemption.".

Kennisgewing moet skriftelik gerig word aan die Uitvoerende Beampte, Raad op Finansiële Dienste, Privaatsak X238, 0001, Pretoria, op 'n datum minstens een maand voor die datum waarop die vrystelling ooreenkomstig die aansoek in werking moet tree.

(2) So 'n aansoek moet volledige besonderhede bevat van die finansiële instelling wat die aansoek doen en die magtiging van die persone wat die aansoek onderteken om so 'n aansoek te doen, die datum waarop die vrystelling in werking moet tree indien verleen, en moet volledig die redes vir die aansoek uiteensit.

(3) Die aansoek moet—

(a) 'n bevestiging bevat van die betrokke finansiële instelling om, by ontvangs van so 'n versoek, die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste onverwyld te voorsien van die verdere inligting of besonderhede wat genoemde Raad mag verlang in verband met die betrokke instelling en aansoek; en

(b) besonderhede bevat van die adres waar die instelling betekening deur genoemde Raad sal ontvang van enige kennisgewing beoog in artikel 15 A (4) (b) (ii) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990.

14. 'n Kennisgewing bedoel in artikel 15A (4) (b) (ii) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990, word op las van genoemde Raad deur die Uitvoerende Beampte van die Raad per geregistreerde pos beteken by die adres wat die finansiële instelling ooreenkomstig Item 13 (3) (b) in sy aansoek om vrystelling verstrek het.".

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **BOARD NOTICE** | | |
| 323 | Financial Services Board Act (97/1990): Financial Services Board: Amendment of Notice of Levies on Financial Institutions | 1 | 14321 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **RAADSKENNISGEWING** | | |
| 323 | Wet op die Raad op Finansiële Dienste (97/1990): Raad op Finansiële Dienste: Wysiging van Kennisgewing van Heffings op Finansiële Instellings | 1 | 14321 |


**Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 263, 267 or 269**

**Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 263, 267 of 269**